
# Brokkies Nuus—ORA
## 4de kwartaal 2015

Dankie aan tannie Anel wat haar tyd en passie met ons Verkleurmannetjies en Gr2 klas gedeel het! Ons gaan jou mis.

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES


### *Gr 1— Eendag as ek groot is …….*

wil ek 'n prins / prinses wees. Soos Ester sal ons ons talente tot God se eer gebruik! Saam het ons geleer dat God van ons verwag om gehoorsaam te wees, nie soos Jona wat weghardloop en dan in die moeilikheid kom nie. Ook het ons besef dat die grootste werkie ooit is om 'n Sendeling te wees. Ons MOET ander van Jesus vertel!








WEL? Wat dink JY? Wie IS Jesus?? Die jaar het ons Gr2's werklik vir Jesus leer ken! Hy het verskillende "hoede" gedra, Hy het wonderwerke gedoen en hy het gelykenisse vertel. Hy het ook gesê: "Ek is …. Die Weg en die Waarheid, die Lig, die Goeie Herder en die Wynstok" WOW—nou weet ons bietjie meer wie Jesus is!







### *Graad 3—Hoop vir Kinders*

Die Evangelie pad eindig met Oorgawe ….. Nou is die tyd om te besluit of jy jou lewe "alleen" wil leef, saam met sonde en sonder God, en of jy 'n ommekeer wil maak, sonde wil los en Jesus wil volg. En dan moet ons natuurlik groei—nader en nader aan GOD elke dag! Om te groei moet ons Bybel lees, bid, kerk toe gaan, God loof en prys en ook getuig van Sy liefde! Deel die Evangelie met almal, dis 'n opdrag van God.

**As jy as ouer graag wil betrokke raak by hierdie bediening, hetsy tyd, vaardighede of finansieel, kontak ons gerus.**

**Dankie vir jou gebede en ondersteuning ! Seengroete, Juanita Lee 072 637 4882**